# Hoërskool Diamantveld

STIGTINGSDATUM: 1935
LEUSE: A POSSE AD ESSE (VAN MOONTLIKHEID TOT WERKLIKHEID)
ADRES: VOORTREKKERSTRAAT 2, BELGRAVIA, KIMBERLEY, 8300
WWW.DIAMANTVELD.CO.ZA

## Skoolgeskiedenis

Hoërskool Diamantveld van Kimberly – die Diamantskool van die Diamantstad – is dalk jonger as sy bure Kimberley Boys' High en Christian Brothers' College, maar op rugbygebied in Griekwaland-Wes het hy hulle verbygesteek. Die skool is in 1935 gestig in die gebou wat die Kimberley-Onderwyserskollege gehuisves het. Vyf jaar later het die skool sy eie geboue bekom en sy eie vlag gehys. Die skool is 'n Afrikaans-medium gemengde skool.

## Rugby by Diamantveld

Diamantveld is deur verskeie beroepsbreiers afgerig, onder andere Abri Minnie, wat baie gedoen het om rugby op PW Botha te ontwikkel, Swys de Bruyn, wat Griekwas afgerig het, Dirkie Strydom, Tom Drewitt, Christoff Lotter en die Springbokstut en huidige assistent van Griekwas, Dawie Theron. Geen wonder dus dat die skool in Griekwaland-Wes uitblink nie. In 1999 het hy die Kimberly-liga gewen en die jaar daarna was hy naaswenner.

Die Springbokke Flippie van der Merwe, André Markgraaff en Mannetjies Gericke is oud-leerlinge. Die haker Wessel Lightfoot was in 1985 op die binnelandse toer saam met die Springbokke. Provinsiale spelers sluit in Luther Bakkes, die sterk losvoorspeler en kaptein van die Griekwas, Henk Diedericks en Louis Carney. Maar die oudleerling wat die diepste spore in Suid-Afrikaanse rugby getrap het, is André Markgraaff, wie se seun ook vir die eerste span gespeel het. Markgraaff het vir Wes-Transvaal, Westelike Provinsie, Suidwes-Afrika en Griekwas gespeel en saam met skoolvriend Flippie van der Merwe vir die Springbokke op 24 Mei 1986 teen die Nieu-Seeland Kavaliers opgedraf. Die Springbokke het 33-18 gewen. Naas Botha was kaptein. Markgraaff het later voorsitter van Griekwaland-Wes se rugbyunie, Springbokrugbybreier en sameroeper van die keurkomitee geword. In 2004 was die flank Ryno Basson, kaptein Izak van der Westhuizen, flank Glen Poulton en vleuel Deon Assegaai in die Cravenweekspan. Byron Booysen en Izak van der Westhuizen is spelers om dop te hou. Kimberley Boys' High is nie meer die krag van ouds nie, en Noord-Kaap is tans die sterkste opponent in Kimberly. Buite Kimberley is die sterkste skole Hoërskool Upington en Duineveld, asook Kalahari van Kuruman, wat hulself die Leeus noem.

## Internasionaal

*Suid-Afrika:*
Flippie van der Merwe
Mannetjies Gericke

*"Baie van die sterk rugbyskole het groot koshuise, onder andere Marlow en Maritzburg College. By koshuisskole word alles saam aangepak, en die dinamika van 'n spansport soos rugby kan net daarby baat vind. Diamantveld het ook goeie koshuisgeriewe, en dis tot voordeel van die skool se rugbygees. Baie van die beste rugbyspelers kom uit die koshuis, en baie van die dagskoliere sou graag in die koshuis wou wees."*

**— Basie Greeff (breier, 1974–82)**

*"Diamantveld het 'n uitmuntende rugbytradisie. Tussen 1968 en 1970 was daar elke jaar dertien Diamantveldspelers in Griekwas se Cravenweekspan. In 1969 was Griekwas die enigste skolespan wat 'n besoekende Australiese skoletoerspan kon klop. In 1969 en 1970 was hulle die top-span by die Cravenweek. Die span het hoofsaaklik uit Diamantvelders bestaan. 'n Mens sou dus kon sê dat Diamantveld in daardie stadium een van die beste rugbyskole in die land was.*

*Die belangrikste derby is tans teen die buurskool Noord-Kaap, wat die plek ingeneem het van Kimberley Boys' High en die tegniese skole. Diamantveld het destyds jaarliks die wenners van die Administrateursbeker (nou die Beeld-trofee) in hul eie agterplaas aangedurf. Ons het in 1973 die wenner, Ermelo, met 17-12 geklop.."*

**— Andre Markgraaff (1973–74)**